

**DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOOLEERDERS IN KOSHUISE
OM SEKSUELE MISBRUIK AAN TE MELD**

Helena Malan

2011



Die bemagtiging van hoërskoolleerders in koshuise om seksuele misbruik aan te meld

Helena Malan

BPsig (NWU)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes

vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Studieleier: Dr C Strydom

Potchefstroom

2011

DANKBETUIGINGS

ALLE EER KOM GOD TOE. Ek dank die Hemelse Vader vir die vermoë om hierdie navorsing te kon onderneem en suksesvol te kon voltooi.

Besondere waardering en opregte dank word hiermee betuig aan:

- Dr C Strydom vir al haar geduld, moeite, leiding en tyd wat sy die afgelope jaar aan my afgestaan het.
- Hoërskool Hoogenhout en Hoërskool Middelburg vir hul bereidwilligheid om my toe te laat om my navorsing daar te kon uitvoer.
- Elke deelnemer aan die navorsing vir hul bereidwilligheid om deel uit te maak van my navorsing.
- Me Louise Vos vir al haar moeite en hulp met naslaanwerk vir geskikte bronne.
- My gesin en vriende vir al hul ondersteuning en motivering die afgelope jaar.
- Corné Joubert vir sy hulp en veral sy ondersteuning.

Fil. 4:13

“Ek is tot alles in staat deur

Hom wat my krag gee.”

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
INHOUDSOPGAWE.....	II
OPSOMMING.....	IV
SUMMARY.....	V
VERKLARING EN VOORWOORD	VI
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	VII
DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOOELLEERDERS IN KOSHUISE OM SEKSUELE MISBRUIK AAN TE MELD.....	1
1 INLEIDING	1
2 PROBLEEMSTELLING	1
3 DOELSTELLING EN DOELWITTE	5
4 SENTRALE TOORETIESE STELLING	5
5 METODE VAN ONDERSOEK	5
5.1 LITERATUURSTUDIE.....	5
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK.....	6
5.2.1 Die navorsingsontwerp.....	6
5.2.2 Deelnemers.....	6
5.2.3 Meetinstrument.....	7
5.2.4 Etiese aspekte ter sprake	7
5.2.5 Data-analise.....	8
5.2.6 Navorsing prosedures	9
6 TERMINOLOGIE.....	10
6.1 SEKSUELE MISBRUIK	10
6.2 KOSHUIS.....	10
6.3 BEMAGTIGING.....	10
6.4 HOËRSKOOELLEERDERS.....	10
7 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK	11
8 RESULTATE	11
8.1 PROFIEL VAN DEELNEMERS	11
8.2 TEMAS	11
8.3 BESPREKING VAN TEMAS	12
9 GEVOLGTREKKING	24
10 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE.....	25
10.1 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN LEERDERS	25
10.2 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN SKOLE.....	26
10.3 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN PROFESSIONELE PERSONE	26
10.4 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN DIE OUERS.....	27
11 VERDERE NAVORSING	27
12 BIBLIOGRAFIE	27

BYLAES.....	31
BYLAAG 1: TOESTEMMING VAN OUERS VIR DEELNAME AAN NAVORSING	31
BYLAAG 2: INSTEMMING VAN LEERDERS TOT DEELNAME AAN NAVORSING.....	33
BYLAAG 3: VERTROULIKHEIDSOOREENKOMS.....	35
BYLAAG 4: VRAELYS	36
BYLAAG 5: BEWYS VAN VERTALING	38

OPSOMMING

TITEL: Die bemagtiging van hoërskoolleerders in koshuise om seksuele misbruik aan te meld.

SLEUTELTERME: seksuele misbruik, koshuis, bemagtiging, hoërskoolleerders.

Die fokus van hierdie artikel is om hoërskoolleerders in koshuise te bemagtig om seksuele misbruik te kan aanmeld. Kwalitatiewe navorsingsmetodes is gebruik om te bepaal oor watter kennis die leerders beskik rakende die aanmelding van seksuele misbruik. Op grond hiervan word aanbevelings gemaak om dit vir hoërskoolleerders in koshuise moontlik te maak om seksuele misbruik aan te meld.

Verskeie vrae is in fokusgroepe bespreek. Die vrae het gehandel oor wat seksuele misbruik is en deur wie en by wie en waar dit aangemeld moet word.

Die aanbevelings wat gemaak word, sal genoemde leerders help om seksuelemisbruik-gevalle meermale aan te meld, aangesien hulle volledig ingelig sal wees oor wat seksuele misbruik is en wat dit impliseer. Verder sal hulle ten slotte ook weet wie dit moet aanmeld en by wie en waar.

SUMMARY

TITLE: The empowerment of high school learners that live in hostels to report sexual abuse.

KEY WORDS: sexual abuse, hostel, empowerment, high school learner

The focus of this article is to empower high school learners that live in hostels to be able to report sexual abuse. Qualitative research methods were used to determine the learner's knowledge about reporting sexual abuse. This information was used to make recommendations to high school learners that live in hostels regarding how to report sexual abuse.

Several questions were discussed in focus groups. The questions covered what sexual abuse is and what it implies, who should report it and where.

The recommendations made will contribute to the statistics of sexual abuse being reported to rise due to the fact that these learners will be fully informed about what sexual abuse is and it implies. Furthermore, they will finally also know who needs to report it and to whom and where.

VERKLARING EN VOORWOORD

Hiermee verklaar ek, Helena Malan, dat hierdie artikel getitel: *Die bemagtiging van hoërskoolleerders in koshuise om seksuele misbruik aan te meld* my eie werk is. Verder verklaar ek dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

Handtekening

Datum

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.7.2.3 soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus, 2010).

Hierdie artikel tel 50% van die hele program.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die tydskrif *Maatskaplike Werk/Social Work* se vereistes het as basis gedien ter formulering van hierdie artikel.

Hierdie tydskrif publiseer artikels, besprekings asook kommentaar op ander artikels wat verband hou met die vakgroep Maatskaplike Werk. Ander dissiplines se artikels wat relevant is, word ook daarin geplaas. Engelse sowel as Afrikaanse artikels word aanvaar, maar Afrikaanse artikels moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming. Alle artikels word dan krities maar vertroulik deur minstens twee keurders beoordeel. Indien daar drastiese veranderinge aan die artikel aangebring moet word, sal dit aan die outeurs teruggestuur word. 'n Disket sowel as 'n duidelike kopie van die artikel moet ingestuur word, waar die artikel slegs op een kant van die bladsy en in dubbelspasiëring getik is. Die Havard-stelsel moet gebruik word vir verwysings. Alle verwysings/aanhalings moet met die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommers tussen hakkies, in die teks verskyn. Verder word die bronne alfabeties volgens die outeurs se vanne in die bronnelys aangebring.

DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOOLEERDERS IN KOSHUISE OM SEKSUELE MISBRUIK AAN TE MELD

Helena Malan, Meestersgraadstudent aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) werksaam as 'n berader in 'n privaatpraktyk, Secunda, Suid-Afrika.

Dr Corinne Strydom, Dosent by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus.

1 INLEIDING

Die navorser het die afgelope paar jaar in 'n privaatpraktyk ervaar dat kinders nie weet hoe om seksuele misbruik aan te meld nie en ander weet nie eens wat seksuele misbruik is nie. Hierdie probleem lei daartoe dat talle seksuelemisbruik-gevalle nie aangemeld word nie.

Hierdie artikel fokus primêr op hoërskoolleerders wat in koshuise woonagtig is. Daar word spesifiek gekyk na wat hul persepsie van seksuele misbruik is en hoe dit dan aangemeld moet word.

2 PROBLEEMSTELLING

Leerders word daaglik in ons land seksueel misbruik, en net 'n handjievol van die gevalle word aangemeld. Van Rooyen (2010:3) noem die volgende in 'n berig in die Beeld: “'n Voormalige hoof van 'n kerkskool in Pretoria-Noord is skuldig bevind aan die seksuele misbruik van vier jong leerlinge... Kuyper is daaraan skuldig bevind dat hy die vier dogters, wat na hom as hul 'tweede oupa' verwys het, herhaaldelik seksueel misbruik het in 'n kerkzaal”. In dieselfde koerant het Roestoff (2010:5) in Oktober die volgende geplaas: “'n Hoërskoolonderwyser van 'n Wes-Randse dorp staan tereg op ses aanklagte van seksuele aanranding en een van gewone aanranding. Die onderwyser is vroegoggend gister na die skoolhoof se kantoor ontbied, waarna hy na 'n polisiekantoor en toe na die Krugersdorp-landdroshof

geneem is. Mnr. Charles Phahlane, onderwyswoordvoerder in Gauteng, het gesê drie of vier leerlinge het 'n klag teen hom by die polisie ingedien.”

Die seksuele misbruik van leerders toon 'n toenemende tendens in Suid-Afrika. Saffy (2003:132) meld in hierdie verband dat “The child as victim of sexual abuse has recently received deliberated attention within the South African context”. Die verslag oor die Parlementêre Taakgroep rakende die Seksuele Misbruik van Kinders (SA, 2002) noem dat seksuele misbruik van leerders die afgelope 10 jaar met 400% toegeneem het.

Volgens *Pols* (Beeld) het Grobler (2010:4) die volgende berig: “Ondanks tientalle bewusmakingsveldtogte, soos die 16 dae van aktivisme teen vroue- en kindermishandeling wat vandeewee begin, neem kindermishandeling in Suid-Afrika nie af nie. Sowat 600 000 kinders maak jaarliks van Childline se hulplyn gebruik. Dit is meer as 'n halfmiljoen kinders wat nie 'n ouer of familielid in hul vertroue kan neem as hulle mishandel of seksueel misbruik word nie. Volgens Lynne Cawood, Gautengse direkteur van Childline, 'n nie-regeringsorganisasie wat kinders teen mishandeling probeer beskerm, het dié oproepe toegeneem van sowat 200 000 per jaar in die vorige dekade.”

Volgens Meel (2008:70) het Suid-Afrika een van die hoogste syfers van seksuele misbruik. Adollesente tussen die ouderdomme 12 en 17 jaar is die groep wat die grootste risiko loop en die getalle groei daagliks. In 2000 is daar 52 550 sake van verkragting of poging tot verkragting by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld. Van hierdie sake was 21 438 leerders onder die ouderdom van 18 jaar (Meel, 2008:70). Volgens Mash en Wolfe (2002:377) ervaar een uit elke vyf dogters en een uit elke nege seuns die een of ander vorm van seksuele misbruik nog voordat hulle volwassenheid bereik.

Priebe en Svedin (2008:1095) het in hulle navorsing oor hoërskoolleerders in Swede se rapportering van seksuele misbruik bevind dat 81% dogters en 69% seuns seksuele misbruik aangemeld het. Wat kommerwekkend is ten opsigte hiervan is dat laasgenoemde slegs die punt van die ysberg mag wees omdat agt uit elke nege sake nooit aangemeld word nie. Alikasifoglu, Erginoz, Ercan, Albayrak-Kaymak, Uysal en Ilter (2006:1) van Turkye is van mening dat uit die 95.7% van die deelnemers wat seksueel misbruik is, slegs 13.4% dit onthul het.

Volgens Faller (2007:176) het die meerderheid volwassenes wat as kind seksueel misbruik is, dit nie in hul kinderjare gerapporteer nie. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. In sommige gevalle probeer die leerder die oortreder beskerm, die leerder is bekommerd oor die negatiewe gevolge wat moontlik uit die onthulling kan voortspruit of die leerder was nie bewus daarvan dat dit 'n geval van misbruik (verkeerd) was nie. Tshepo en Moldan (2005:1-10) meen dat stigmatisering en intimidasie 'n rol speel by die rede waarom leerders nie seksuele misbruik aanmeld nie. Verder kan dit wees as gevolg van 'n gebrek aan 'n ondersteuningstruktuur, onkunde oor hoe om dit aan te meld, of omdat die kind te skaam is om dit aan te meld. Dit is egter belangrik dat leerders moet weet hoe om seksuele misbruik aan te meld, by wie en waar.

Priebe en Svedin (2008:1095) het ook bevind dat dogters en seuns meer geneig is om seksuele misbruik teenoor 'n vriend van dieselfde ouderdom te erken as wat hulle dit teenoor professionele persone sal erken. Volgens Berndt en Perry (soos aangehaal deur Louw, Van Ede en Louw, 1998:460), knoop adolessente vriendskappe aan met ander wat gemeenskaplike sielkundige eienskappe soos belangstellings, houdings, waardes en persoonlikhede met hulle deel. Verder beweer Sigelman en Shaffer (soos aangehaal deur Louw et al., 1998:460) dat adolessente vriendskappe opbou wat gebaseer is op emosionele gehegtheid, betroubaarheid, begrip en opregte belangstelling in mekaar, terwyl hulle hul gevoelens en gedagtes met mekaar deel. Louw et al. (1998:460) redeneer dat adolessente hul fisieke veranderinge en ontwakende seksualiteit eerder met hul vriende as met hul ouers sal bespreek. Dit wil voorkom of daar 'n mate van distansiëring tussen 'n adolessent en sy ouer voorkom namate hy/sy vriendskappe aanknoop en sy behoefte aan privaatheid toeneem (Louw et al., 1998:461).

Tshepo en Moldan (2005:1-10) het in hul studie met onderwysers wat die onthulling van seksuele misbruik moet hanteer, bevind dat talle onderwysers nie daarvoor opgelei is nie. Hulle is gefrustreerd met die gereg en ervaar baie emosies wat hul eie lewens raak; gevolglik toon hulle sterk behoefte aan ondersteuning ten opsigte van die hantering van seksuelemisbruik-onthullings. Die *Convention on the Rights of the Child* (CRC), Art 19 (SA, 1989:211) lê die volgende neer: "...the State must ensure that a holistic, substantive and procedural system is in place that will expediently and

effectively prevent forms of child abuse and, when this is not possible, support and assist children who are victims of abuse”.

Die navorser is van mening dat die gemiddelde ouderdomme vir leerders in die hoërskoolkoshuise in Suid-Afrika tussen 14 jaar en 18 jaar is, met die uitsonderings waar leerders byvoorbeeld ‘n jaar moes herhaal of te vroeg of te laat in die skool geplaas is. In Mpumalanga is daar talle koshuise by die skole waar die leerders tydens die week kan inwoon. Hierdie koshuise dien dan gedurende die week as ‘ouerhuise’ vir die leerders. Elke koshuis het ‘n koshuisvoog wat na die leerders se behoeftes omsien. Hierdie behoeftes sluit emosionele behoeftes in, waar daar omgesien word na elke leerder se emosionele welstand. Hoërskoolleerders in koshuise het dus gedurende hul verblyf in die koshuis slegs hul koshuisvoogde by wie hulle om hulp kan aanklop. Alikasifoglu *et al.* (2006:1) is van mening dat leerders meer geneig is om misbruik aan ‘n onderwyser te onthul omdat die skool vir baie van hulle as ‘n huis dien.

Priebe en Svedin (2008:1105) noem dat sekere verskille tussen seuns en dogters se onthullingspatrone voorkom. In vergelyking met dogters, is seuns geneig om nie opvolgvrae oor die seksuele misbruik te beantwoord nie, wat meebring dat die onthulling nie volledig is nie. Verder kom dit minder by seuns as by dogters voor dat hulle die misbruik onthul. Die verskillende onthullingspatrone tussen seuns en dogters is ‘n aanduiding daarvan dat ‘n geslagsperspektief nuttig te pas sal kom wanneer riglyne vir die onthulling van seksuele misbruik geformuleer word (Priebe & Svedin, 2008:1095).

Priebe en Svedin (2008:1095) is van mening dat professionele persone, veral die wat by skole betrokke is, soos koshuisvoogde en onderwysers, bewus moet wees daarvan dat besonder min leerders in koshuise, wat seksueel misbruik is, by iemand om hulp aanklop. Dus moet daar ‘n ondersteuningstelsel geskep word – nie alleen vir die persoon wat misbruik is nie, maar ook vir die wat hom/haar wil help. Volgens Patterson en Austin (2008:19) moet skole duidelike stelsels met reëls skep wat grense aan optredes stel – veral grense tussen onderwysers en leerders om sodoende enige vorm van ‘grooming’ te voorkom. Van der Schyff (2009:56-64) het in haar navorsing bevind dat die adolessent wat aan seksuele misbruik blootgestel word, nie toepaslike professionele hulp ontvang nie. Volgens haar is die rede hiervoor dít dat daar nie behoorlike stelsels geskep is om die misbruik aan te meld

nie. Sy het aanbeveel dat riglyne geformuleer moet word wat leiding aan adolessente sal gee met betrekking tot die aanmelding van seksuele misbruik, aangesien hulle nie weet waar of by wie om dit aan te meld nie en omdat daar nie altyd 'n vertrouensverhouding tussen hulle en hul ouers bestaan nie.

Louw (2000:26) noem dat die enigste dokument wat beskikbaar is vir misbruikte leerders, die *Multidisciplinary Child Protection and Treatment Protocol (Gauteng & Western Cape) 1999-2000* is. Hierdie dokument is slegs op twee van die nege provinsies van toepassing, en dit fokus slegs op die hantering van seksuele misbruik en nie op die onthulling daarvan nie.

Uit bogenoemde ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die leerders se persepsie van seksuele misbruik, asook die aanmelding daarvan?
- Watter aanbevelings kan gedoen word om die aanmelding van seksuele misbruik vir hoërskoolleerders in koshuise moontlik te maak?

3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die doelstelling van die ondersoek is om hoërskoolleerders in koshuise te bemagtig om seksuele misbruik te kan aanmeld. Die volgende doelwitte is gestel:

- Om ondersoek in te stel na die kennis van hoërskoolleerders in koshuise aangaande die aanmelding van seksuele misbruik.
- Om aanbevelings te doen om dit vir hoërskoolleerders in koshuise moontlik te maak om seksuele misbruik te kan aanmeld.

4 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die bemagtiging van hoërskoolleerders in koshuise sal daartoe bydra dat hulle seksuele misbruik aanmeld.

5 METODE VAN ONDERSOEK

5.1 Literatuurstudie

Alvorens enige ondersoek gedoen kan word, is dit nodig om 'n literatuurstudie te onderneem. 'n Literatuurstudie is gebaseer op die aanname dat kennis kan ontwikkel, uitbrei en dat daaruit geleer kan word wat reeds deur ander in hierdie

verband gedoen is (Neuman, 2000:445). Verder noem Neuman dat 'n literatuurstudie die geldigheid van 'n ondersoek verhoog, dit vorige ondersoek uitwys en aandui hoe 'n huidige ondersoek daaraan gekoppel kan word, en dit stimuleer nuwe idees.

Die navorser het veral gebruik gemaak van die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) om gepaste literatuur en inligting te bekom. Navorsingspublikasies, boeke en tydskrifte is ook vir die nodige literatuur geraadpleeg. Suid-Afrikaanse sowel as oorsese literatuur is benut. Die volgende databasisse is geraadpleeg: EBSCHO HOST WEB, SAePublications, Science Direct, Sabinet, Google Scholar en ProQuest.

Die literatuurstudie het gefokus op hoërskoolleerders in koshuise se aanmelding van seksuele misbruik.

5.2 Empiriese ondersoek

5.2.1 Die navorsingsontwerp

Volgens Fouché en De Vos (2005:132) is die navorsingsontwerp die plan wat die navorser gaan volg om die hipotese te ondersoek. Dit was 'n verkennende navorsingsontwerp hierdie, aangesien daar besonder min inligting oor hierdie onderwerp beskikbaar is.

In hierdie ondersoek is gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsingsmetodes. Kwalitatiewe navorsing fokus op mense se persepsies en ervarings. Die navorser het meer daarin belang gestel om mense se gedrag te verstaan as om dit te verduidelik (Fouché & Delport, 2005:74).

5.2.2 Deelnemers

Twee hoërskole met koshuise in die Secunda-omgewing is gekies waar daar fokusgroepe gehou is. Die bedoeling was om twee fokusgroepe by elke skool te hou, met 12 deelnemers per groep – een met seuns en een met dogters. Weens 'n gebrek aan toestemming van die kant van die ouers kon daar egter uiteindelik slegs een fokusgroep by elke skool gereël word. Hierbenewens het die groep beide seuns en dogters bevat. In die geheel het 15 graad 8 koshuissleerders aan die navorsing deelgeneem.

5.2.3 Meetinstrument

Daar is gebruik gemaak van fokusgroepe. Volgens Morgan (soos aangehaal deur Greeff, 2005:300) is 'n fokusgroep 'n navorsingstegniek waarvolgens data ingesamel word deur middel van groepinteraksie wat fokus op 'n onderwerp wat vooraf deur die navorser bepaal is. Neuman (2000:274) noem dat fokusgroepe kwalitatief van aard is, waar die navorser ses tot twaalf in een vertrek bymekaar plaas en dan 'n sekere onderwerp, een tot twee uur lank bespreek. Verder noem hy dat die navorser seker moet maak dat een persoon nie die groep oorheers nie en dat die deelnemers hulle aan die onderwerp moet hou. Fokusgroepe, volgens Neuman, help om nuwe hipoteses te ontwikkel en is nuttig by verkennende navorsing.

5.2.4 Etiese aspekte ter sprake

Dit is baie belangrik dat die etiese beginsels van navorsing altyd gehandhaaf moet word. Daar is verskeie etiese aspekte betrokke by navorsing. In hierdie verband verwys Strydom (2005:58-67) na die volgende:

- Tydens die ondersoek mag deelnemers geen fisiese of emosionele skade ly of emosionele pyn ervaar nie. Die navorser het na afloop van die fokusgroepe 'n ontladingsbespreking gehou om seker te maak dat geen deelnemer enige emosionele pyn weens die program ervaar nie.
- Deelnemers moet instem om aan die ondersoek deel te neem. Hulle moet ingelig wees oor die doel van die ondersoek, die prosedures wat gevolg gaan word asook enige gevare, indien daar wel sou kon ontstaan. Neuman (2003:124) steun hierdie stelling en voeg by dat deelnemers bewus moet wees van hul regte en ook van hoe vertroulik die inligting wat hulle gee, hanteer gaan word. Voor die hantering van die fokusgroep het elke deelnemer en elke deelnemer se ouers 'n brief onderteken waarin die doel van die navorsing duidelik gestel was.
- Die deelnemers se privaatheid moet gerespekteer word. Elke deelnemer se identiteit sal hanteer word as synde vertroulik. Deelnemers is ingelig dat hul identiteit nie bekendgemaak sal word nie, en elke deelnemer het 'n vorm geteken waarin hulle bevestig dat hulle verantwoordelikheid daarvoor aanvaar om ander deelnemers se identiteit as synde vertroulik te hanteer.
- Die navorser moet oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die ondersoek te onderneem. Die navorser is tans 'n nagraadse student aan die

Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). Die navorser funksioneer huidiglik in privaatpraktyk.

- Die navorser moet verskillende kulture in ag neem (Neuman, 2000:413). Die navorser het haarself ingelig gehou rakende die verskillende kulture in die fokusgroep sodat elke kultuur se gebruike gerespekteer kon word.
- Royse (2004:52-56) gaan akkoord met die etiese aspekte wat Strydom lys, naamlik dat deelnemers vrywillig moet deelneem en dat sensitiewe inligting beskerm moet word. Volgens Neuman (2003:124) moet deelnemers nie net vrywillig deelneem nie, maar moet ook weet dat hulle hulle te enige tyd aan die navorsing mag onttrek en dat hulle ook nie as gevolg daarvan benadeel sal word nie. Die navorser het die deelnemers onder geen verpligting gestel om deel te neem nie en hulle ook ingelig dat hulle nie verplig word om teen hulle sin deel te neem. Verder word alle inligting wat van die deelnemers verkry is, uiters sensitief hanteer, en die deelnemers se identiteit is deurentyd beskerm.

Etiese goedkeuring is verkry van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit. Etieknommer: NWU-00027-09-S1.

5.2.5 Data-analise

Volgens Poggenpoel (soos genoem in De Vos, 1998:343-344) is daar agt stappe wat oorweeg moet word tydens die data-analise, en wel die volgende:

- Die navorser kry 'n geheelbeeld deur elke transkripsie deur te lees. Die navorser kan dān reeds sekere gedagtes wat by hom/haar opkom, neerskryf.
- Hy/sy kies dan een onderhoud en werk daardeur. Hy/sy moet dan die onderliggende betekenis van die inligting bepaal en sekere gedagtes in die kantlyn neerskryf namate hy/sy daardeur werk.
- Wanneer die navorser hierdie proses met 'n paar van die respondente se transkripsies afgehandel het, stel hy/sy 'n lys saam van alle onderwerpe. Soortgelyke onderwerpe word saamgegroepeer.
- Die navorser neem dan die lys en gaan terug na die data. Elke onderwerp word dan gekoppel aan 'n kode en die kode word dan by die data aangeteken.
- Die navorser neem dan die mees beskrywende woord vir die onderwerp en skakel die woorde (kodes) wat so verkry word, om in kategorieë. Ooreenkomstige kategorieë word dan saamgevoeg.

- Die navorser neem 'n finale besluit oor die afkortings vir elke kategorie en plaas die kodes in alfabetiese volgorde.
- Die data van elke kategorie word saamgevoeg en 'n voorlopige analise word uitgevoer.
- Indien nodig, moet die navorser bestaande data herkodeer.

Bogenoemde stappe is deur die navorser gevolg ten einde verslag te kan lewer oor die resultate van hierdie ondersoek.

5.2.6 Navorsing prosedures

Die navorser het telefonies met die betrokke hoërskole se skoolhoofde gekommunikeer om sodoende toestemming te verkry om die navorsing daar te mag uitvoer. Die skoolhoofde het die nodige toestemming van die koshuisouers verkry en ook die nodige inligting aan hulle verskaf. Briewe is deur die koshuisouers aan die gr8-leerders uitgedeel om die nodige toestemming van die leerders se ouers te bekom.

Na ontvangs van hierdie briewe van die ouers het die navorser 'n skedule opgestel en 'n tyd met die betrokke koshuisouers gereël waartydens die fokusgroepe gehou kon word.

Voordat daar met die fokusgroepe 'n aanvang geneem het, het die navorser die doel van die navorsing aan die deelnemers verduidelik, en elke deelnemer het 'n instemmingsbrief onderteken om aan te dui dat hulle vrywillig aan die navorsing deelneem. Verder is die aangeleentheid rakende vertroulikheid aan die deelnemers verduidelik, en elkeen het 'n vorm onderteken wat aandui dat hulle onderneem om ander lede se identiteit as synde vertroulik te hanteer.

Die navorser het vooraf vrae opgestel wat dan tydens die fokusgroep bespreek is. Die besprekings is op band vasgelê, wat later deur die navorser gebruik is om haar notas volledigheidshalwe aan te vul.

Die eerste fokusgroep is by die koshuis self gehou net nadat die skool uitgekóm en die deelnemers geëet het. Hierdie fokusgroep is einde Oktober 2010 gehou. Die fokusgroep het ongeveer 'n uur en 'n half lank geduur.

Die tweede fokusgroep is by die skool self gehou net nadat die deelnemers hul eksamenvraestel geskryf het. Hierdie groep het presies 'n week na die eerste fokusgroep plaasgevind en het ongeveer twee ure lank geduur.

Na afloop van die fokusgroepe is die data-analise gedoen en daarna is die artikel geskryf.

6 TERMINOLOGIE

Vir doeleindes van hierdie artikel sal die onderstaande terminologie gebruik word:

6.1 Seksuele misbruik

Dit geskied wanneer 'n kind aangemoedig of gedwing word om 'n ander persoon seksueel te bevredig en/of wanneer 'n kind blootgestel word aan seksuele aktiwiteite of pornografie (SA, Children's Act, 2005:15).

6.2 Koshuis

Dit is 'n wooneenheid waarin skoolgaande leerders tydens die skoolkwartaal kan inwoon, onder voldoende toesig.

6.3 Bemagtiging

Volgens *The new Penguin compact english dictionary* (2001:283-284) behels *bemagtig* die volgende: "To give somebody the strength and confidence to act on their own initiative."

6.4 Hoërskoolleerders

In Suid-Afrika word leerders tussen die ouderdomme 13 en 18 jaar as hoërskoolleerders beskou, behalwe wanneer hulle 'n graad moes herhaal of hul skoolloopbaan te vroeg/te laat 'n aanvang geneem het. In sulke gevalle sal die ouderdomsgrense onderskeidelik met ongeveer een jaar weerskante hoër of laer wees.

7 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

Tydens die ondersoek was daar egter enkele beperkings wat die ondersoek bemoeilik het. Dit was die volgende:

- Daar is slegs 'n klein hoeveelheid skole met koshuise wat die steekproefgrootte gevolglik beperk het.
- Slegs 'n klein hoeveelheid van die koshuisleerders se ouers was bereid om toestemming te gee dat hul kinders aan die ondersoek kon deelneem.
- Daar is tans besonder min data beskikbaar oor koshuise en hoe seksuele misbruik daar hanteer word.

8 RESULTATE

8.1 Profiel van deelnemers

“Boys as well as girls are the victims of sexual abuse. Recent research suggests that sexual abuse of boys is grossly underreported and under recognised.” (McCourt & Peel, 1998:283). Dit was dus belangrik dat beide geslagte betrek moes word by die ondersoek, alhoewel die manlike deelnemers in die minderheid was.

Die eerste fokusgroep het bestaan uit drie seuns en ses dogters, almal 14 jaar oud. Twee was Engelssprekend en sewe Afrikaanssprekend.

Die tweede fokusgroep het uit slegs ses veertienjarige dogters bestaan. Almal was Afrikaanssprekend.

8.2 Temas

Na aanleiding van die fokusgroepbespreking is die resultate in ses temas onderverdeel. Elke tema is aan die doelwitte gekoppel.

Tema 1	Omskrywing van die term <i>seksuele misbruik</i>
Tema 2	Die noodsaaklikheid om seksuele misbruik aan te meld.
Tema 3	Plek van aanmelding
Tema 4	Struikelblokke wat aanmelding verhinder
Tema 5	Hulp om aanmelding te bevorder
Tema 6	Optrede indien hulle bewus is van seksuele misbruik

8.3 Bespreking van temas

Tema 1: Omskrywing van die term *seksuele misbruik*

Die navorser wou bepaal of die deelnemers weet wat die term *seksuele misbruik* beteken.

Al die deelnemers was dit met mekaar eens dat seksuele misbruik ook seksuele aktiwiteite insluit. Die deelnemers het wel van mening verskil ten opsigte van die omstandighede waarin hierdie seksuele aktiwiteite plaasvind.

Die volgende elemente het tydens die groepsbespreking na vore gekom:

Dwang: Die meerderheid deelnemers het gemeen dat seksuele misbruik onder dwang plaasvind. Een deelnemer het genoem: “wanneer iemand voortdurend aan jou vat en jou nie wil uitlos nie”. Verder behels dit dat jy nie toestemming tot enige seksuele aktiwiteite gee nie, maar die persoon nogtans daarmee volhard. Een deelnemer het die volgende gesê: “Dit is wanneer jy gedwing word om aan seksuele aktiwiteite deel te neem, wat jy nie wil doen nie.” Een deelnemer het egter ‘n ander siening gehad, naamlik: “Dit is wanneer jy gedwing word of vrywillig seksuele aktiwiteite het, wat nie reg is volgens die Bybel nie.”

Verkeerd: ‘n Paar deelnemers het genoem dat wanneer daar van seksuele misbruik gepraat word, dit beteken dat jy seksuele aktiwiteite op onaanvaarbare wyse beoefen. Die volgende opmerking is gemaak: “A person that has been forced to have sex. It is very wrong.” ‘n Verdere opmerking was die volgende: “Dit is wanneer dit op ‘n verkeerde manier gebruik word” en “Dis nie bedoel vir wanneer jy nie getroud is nie.”

Verkragting: Verder het van die deelnemers genoem dat seksuele misbruik verkragting, teistering of molestering is. Hulle kon egter nie ‘n duidelike uiteensetting gee van wat hierdie terme beteken nie.

Genot: Daar is ook genoem dat seksuele misbruik seksuele aktiwiteite is wat jy vir die verkeerde doeleindes beoefen en nie vir die regte doel nie, soos een deelnemer

opgemerk het: “As jy iets doen, byvoorbeeld seksuele aktiwiteite, en jy doen dit net vir die ‘fun’, dan misbruik jy dit.”

Media: Een deelnemer het genoem dat seksuele misbruik nie net seksuele aktiwiteite is nie maar dat dit ook blootstelling aan seksuele dade op televisie of boeke insluit.

Berou: Die deelnemers het genoem dat ‘n persoon wat seksueel misbruik word, gewoonlik ‘n swak selfbeeld as gevolg daarvan ontwikkel. ‘n Ander deelnemer was van mening dat die persoon wat iemand seksueel misbruik, uiteindelik wel spyt is daaroor. Sy het die volgende genoem: “Dit beteken dat mense goed doen wat verkeerd is en dit dan na die tyd berou.”

Sleg: ‘n Ander opmerking wat gemaak is, is: “Dit is iets baie sleg en erg wat met iemand kan gebeur.” ‘n Ander deelnemer het genoem dat die uitwerking daarvan wyd reik. Sy het dit soos volg verwoord: “Dit maak van ons land ‘n slegte en onveilige plek.” Nog ‘n opmerking wat gemaak is, is: “Dit kan baie skade veroorsaak in ‘n persoon se lewe.”

Wanpersepsies: Enkele wanpersepsies het wel tydens die groepbesprekings na vore gekom. Een van die deelnemers het wel geweet dat seksuele misbruik verkeerd is, maar het die volgende bygevoeg: “Oortreders weet dat hulle verkeerd is en sal dan skuld daarvoor aanvaar.” Die volgende is ook genoem: “Die persoon wat seksueel misbruik word, is nie altyd onskuldig nie.”

Geloof: ‘n Ander deelnemer het seksuele misbruik nie noodwendig as ‘n misdaad beskou nie maar gemeen dit is wanneer seksuele aktiwiteit om geen besondere rede nie, beoefen word. Sy het die volgende genoem: “Dit is wanneer jy seks het maar nie soos wat dit in die Bybel staan nie. Die Bybel laat dit toe as jy getroud is. Jy doen dit net om dit te doen en nie vir die regte redes nie.” Verder het heelwat van die deelnemers seksuele misbruik op godsdienstige vlak probeer beoordeel. Hulle het gemeen dit is verkeerd omdat die Bybel of die Here dit nie toelaat nie, “Daar word van iets wat die Here vir ons as iets moois gegee het verander in iets leliks.”

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die deelnemers seksuele misbruik nie noodwendig as ‘n misdaad beskou het nie, maar wel as iets wat verkeerd is.

Tydens die fokusgroep is daar verskillende scenario's aan die deelnemers voorgehou. Die navorser wou hiermee die deelnemers prikkel om verder te dink. Elke scenario se resultate word vervolgens bespreek.

Scenario 1: *'n Sestienjarige persoon vat aan 'n veertienjarige se hand*

Die meerderheid deelnemers was daarvan oortuig dat dit nie seksuele misbruik is nie, omdat dit nie ongemak sal veroorsaak nie. Een deelnemer het die volgende genoem: "Nee dit is oulik en nie ongemaklik nie". Hulle het wel gemeen dat indien dit die veertienjarige nie aanstaan nie, en die sestienjarige sý wil dus op haar afdwing, dit op seksuele teitstering neerkom.

Scenario 2: *'n Dertigjarige soen 'n twaalfjarige*

Die meeste deelnemers het gemeen dat dit wel seksuele misbruik is, omdat die persoon 'n minderjarige is, soos een deelnemer opgemerk het: "Sy sal nie weet of dit verkeerd is of nie." Alhoewel die meerderheid gemeen het dat dit op seksuele misbruik neerkom, is die volgende opmerkings ook gemaak:

- "Dit is nie seksuele misbruik nie, maar net verkeerd."
- "As die twaalfjarige terug soen is dit nie seksuele misbruik nie."
- "Dis nie reg nie, dis net anders."

Scenario 3: *'n Veertigjarige het 'n seksuele verhouding met 'n vyftienjarige wat tot die verhouding instem*

Die meerderheid deelnemers het gemeen dat dit nie seksuele misbruik is nie omdat toestemming daartoe gegee is. Een opmerking was die volgende: "As hy haar nie dwing nie is die deler net so goed soos die steler." Daar was wel een deelnemer wat genoem het dat so 'n persoon tronk toe kan gaan omdat daar 'n minderjarige betrokke is.

Scenario 4: *'n Dertigjarige persoon wys pornografiese materiaal aan 'n dertienjarige persoon.*

Die meerderheid deelnemers was dit met mekaar eens dat dit seksuele misbruik is. Een deelnemer se opmerking was: "Ja dit is, jy maak van iets moois iets leliks."

Scenario 5: 'n Negentienjarige het seks met 'n sewentienjarige met die toestemming van die sewentienjarige.

Die deelnemers was baie onseker maar het wel genoem dat dit seksuele misbruik sal wees as dit op 'n eerste ontmoeting gebeur en as die persoon gemanipuleer word om dit te doen.

Uit genoemde response wil dit voorkom of die deelnemers nie oor voldoende kennis beskik oor wat seksuele misbruik behels nie. Hulle was veral onseker oor die verband tussen toestemming tot seksuele aktiwiteite en seksuele misbruik. Van der Schyff (2009:57) het ook in haar navorsing bevind dat leerders se kennisbasis oor seksuele misbruik ontoereikend is.

Volgens die *Children's Act* (SA, 2005) beteken *seksuele misbruik* die volgende:

“Sexual abuse, in relation to a child, means:

- a) Sexually molesting or assaulting a child or allowing a child to be sexually molested or assaulted;
- b) Encouraging, inducing or forcing a child to be used for the sexual gratification of another person;
- c) Using a child in or deliberately exposing a child to sexual activities or pornography; or
- d) Procuring or allowing a child to be procured for commercial sexual exploitation or in any way participating or assisting in the commercial sexual exploitation of a child.”

Tema 2: Die noodsaaklikheid om seksuele misbruik aan te meld

Die navorser wou bepaal of die deelnemers dink dit is nodig om seksuele misbruik aan te meld en waarom hulle so dink of nie so dink nie.

Tydens die fokusgroepe is die volgende inligting ingewin:

Al die deelnemers het gemeen dat seksuele misbruik aangemeld moet word. Daar was wel een deelnemer wat gemeen het dat daar uitsonderings op die reël is. Haar opmerking was: “As dit teen jou wil was, moet dit vir seker aangemeld word, maar as jou keuse was om dit te wil doen, hoef dit nie aangemeld te word nie.”

Die deelnemers het verskeie redes aangevoer vir die noodsaaklikheid daarvan om seksuele misbruik aan te meld. Hulle het gemeen dat indien dit nie aangemeld word nie, die misbruik net sal voortduur en vererger. Verder het sommige van hulle gemeen dat seksuele misbruik ‘n misdaad is en daarom aangemeld moet word sodat die oortreder gestraf kan word, soos een genoem het: ‘I think that sexual abuse is a really disgusting crime and that the person should be thrown into jail.’ Die deelnemers het ook gemeen dat die aanmelding van seksuele misbruik daartoe sal bydra dat ons land ‘n beter plek word om in te woon, aangesien dit die misbruik aan bande behoort te lê. Verder was hulle van mening dat die aanmelding van seksuele misbruik daartoe kan meewerk dat ‘n slagoffer makliker hulp kan ontvang en dat selfmoord onder slagoffers beperk kan word.

Daarna is die volgende vraag aan die deelnemers gestel: As die slagoffer jou vra om nie vir iemand te vertel nie, moet dit nog steeds aangemeld word? Die meerderheid deelnemers het geantwoord dat dit nog steeds aangemeld moet word, maar dat hulle eers die slagoffer sal probeer oortuig om dit self aan te meld. Een deelnemer het die volgende gesê: “Dit moet ja, maar ek sal eers met haar gaan praat en haar probeer oortuig om dit self te doen, maar as sy nie wil nie, sal ek dit doen. Sy sal net vir ‘n rukkie kwaad wees en dan later besef dit was die beste.” Een deelnemer het ook genoem dat ‘n mens dit moet aanmeld, aangesien jy op hierdie wyse iemand anders wat ook seksueel misbruik is, kan help.

Daar was wel een deelnemer wat die volgende mening gelug het: “Dit is beter om vir iemand daarvan te vertel en vir die Here te vra om jou te vergewe, want as dit jou keuse was, moet jy onthou daar is nagevolge.” Nog ‘n deelnemer het genoem dat dit aangemeld moet word sodat die oortreder kan besef dat hy verkeerd opgetree het, en dit gevolglik dan ook nie weer doen nie.

Uit bogenoemde inligting wil dit voorkom of die deelnemers seker is dat seksuele misbruik aangemeld moet word, alhoewel hulle nie noodwendig bewus is van die redes daarvoor nie.

Grobler (2010:4) noem in haar berig in Beeld die volgende: "Volgens Dr Annali Swanepoel, wat daagliks met mishandelde dogters werk, sal mishandeling gestuit kan word indien meer mense oor hul ervarings praat. Dit is nie 'n skande as jy mishandel word nie. Dit is belangriker om die een wat jou mishandel het, aan die kaak te stel," sê sy. "Soms word vroue deur hul pa's mishandel, wat ook hul kleindogters mishandel. Die patroon duur dus voort". Hierdie berig steun dus die deelnemers se mening dat die misbruik nie sal stop nie, tensy dit aangemeld word.

Tema 3: Plek van aanmelding

Die navorser wou bepaal wie die deelnemers sou kies as persoon/instansie by wie hulle seksuele misbruik sou aanmeld. Die volgende is tydens die fokusgroepe genoem:

'n Persoon wat vertrou kan word: Van die deelnemers het gemeen dat 'n mens dit by iemand moet aanmeld wat jy vertrou sodat jy kan weet dit sal reg hanteer word. Die opmerking deur een deelnemer was soos volg: "By iemand wat jy vertrou, anders gaan die persoon jou spot of slegsê. Hulle sal jou help met die beste van hul vermoë." 'n Ander deelnemer het die volgende genoem: "By iemand wie jy vertrou en wat jou deur dit kan help en saam met jou polisie toe kan gaan dat die saak afgehandel kan word."

Polisie: Die meerderheid deelnemers se opvatting was dat seksuele misbruik by die polisie aangemeld moet word omdat "hulle sal weet hoe om dit te hanteer". Een deelnemer het die volgende opgemerk: "Police, because it is what they do, they fight crime." Raubenheimer (2007:3) het geskryf dat nie alle polisielede opgelei is om met kinders te werk nie; trouens, baie weet hoegenaam nie hoe om dit te doen nie, en ook verder gegaan deur te sê dat 'n kind se ervaring van die voorval nie eindig wanneer die saak aangemeld is nie. Uit hierdie studie is dit duidelik dat leerders meen hulle kan hulle tot die polisie wend vir hulp en vir die aanmelding van seksuele misbruik. Dit is dus van die uiterste belang dat polisielede moet weet hoe om met kinders te werk en opgelei moet wees om seksuelemisbruik-sake van kinders reg te hanteer. 'n Kind wat seksueel misbruik is, is reeds besonder kwesbaar, en indien hy/sy by die polisiestase nie reg hanteer word nie, kan dit meebring dat die saak deur die mat val.

Ouers: 'n Groot persentasie van die deelnemers was van mening dat seksuele misbruik by hul ouers aangemeld moet word. Een deelnemer het genoem: “Definitief jou ouers want hulle kan iets daaraan doen.” Een deelnemer het egter genoem dat sy 'n hipotetiese vraag aan haar ouers sal stel om so te bepaal wat om te doen. Hershkowitz, Lanes en Lamb (2007:120) noem dat, as gevolg van ouers se negatiewe gedrag wanneer 'n kind seksuele misbruik aan hulle onthul, kinders verkies om seksuele misbruik by 'n nie-ouerfiguur aan te meld. Dit is kommerwekkend. Die meerderheid leerders in die onderhawige navorsing meen gelukkig dat hulle hul ouers genoeg kan vertrou om seksuele misbruik aan hulle te onthul.

Familie en Vriende: Sommige van die deelnemers het gemeen hulle sal seksuele misbruik aan familie en vriende kan onthul. Daar is genoem: “hulle sal jou kan raad gee”.

Alaggai (2004:1222) noem dat dit wil voorkom of die ouer/familie nie oor genoegsame kennis beskik om aanmeldings van seksuele misbruik reg te hanteer nie. Hulle reageer negatief en weet ook nie waar om hulp te bekom nie. Dit is 'n groot leemte in die samelewing.

Professionele persone: Onderwysers, hoofde en koshuishoofde, siekundiges en beraders word by die groep ingesluit. Van die leerders meen dat seksuele misbruik by professionele persone aangemeld moet word. Crisma, Bascelli, Paci en Romito (2004:1044) het genoem dat daar nie genoeg professionele persone opgelei is ten opsigte van die hantering van seksuele misbruik nie. Dit is kommerwekkend, aangesien 'n leerder wat hom/haar tot 'n professionele persoon wend, dan heelwaarskynlik nie toepaslike hulp gaan ontvang nie, en dan verlore gaan vir die samelewing terwyl die oortreder met sy misdaad skotvry daarvan afkom.

Aangesien die deelnemers almal in koshuise woonagtig is, het hulle genoem dat hulle wel na hul koshuisouers sal gaan indien hul biologiese ouers nie binne bereik is nie.

Daar is ook aan die deelnemers gevra wie hulle dink seksuele misbruik moet aanmeld, en hulle het die volgende persone uitgewys: die slagoffer, die vertroueling, onderwysers en die predikant.

Tema drie se resultate toon dus dat die deelnemers weet waar of by wie om seksuele misbruik aan te meld. Dit wil egter voorkom of bitter min mense in die samelewing, hetsy professioneel of nie, weet hoe om hierdie aanmeldings na behore te hanteer. Dit is kommerwekkend, aangesien dit die persone is aan wie kinders hul ervaring gaan bekend maak, terwyl dié nie weet hoe om op te tree nie.

Tema 4: Struikelblokke wat aanmelding verhinder

Die navorser wou vasstel wat die deelnemers se opvatting is rakende die rede waarom seksuele misbruik nie aangemeld word nie. Die volgende inligting is van die deelnemers verkry:

Vrees: Die meerderheid deelnemers was van mening dat seksuele misbruik nie aangemeld word nie omdat die slagoffer bang is. Die verskillende vrese wat deur die deelnemers genoem is, is soos volg:

Hulle is bang:

- dat die oortreder gaan “terugkom”;
- vir wat mense van hulle gaan dink;
- dat hulle hul vriende sal verloor;
- vir die negatiewe gevolge wat uit hul onthulling kan voortspruit;
- dat niemand hulle sal glo nie.

Die deelnemers het die volgende opmerkings met betrekking tot vrese gemaak:

- “People are terrified of getting more hurt.”
- “Mense is bang daar word niks aan gedoen nie, en as dit dan uitkom, vererger alles net.”

Dreigemente: Verder was baie deelnemers daarvan oortuig dat seksuele misbruik nie aangemeld word nie omdat die slagoffer deur die oortreder gedreig word. Die oortreder kan die slagoffer op verskeie wyses dreig. Een deelnemer het genoem: “Die persoon kan gedreig word met iets wat baie werd is.” Daar is ook opgemerk: “die persoon kan met die dood voor oë gedreig word.”

Skaamte: Die deelnemers meen ook dat baie slagoffers selfbewus voel oor die misbruik en daarom niks sê nie – “Baie mense voel skaam en ongemaklik om daaroor te praat.” “As dit met jou gebeur, maak dit dat jy vuil voel.”

“Victims of childhood sexual abuse are frequently embarrassed, afraid, or have been threatened not to tell” (Lamb, Hershkowitz, Orbach en Esplin, 2010:29). Hierdie stelling kom goed ooreen met dít wat die leerders ook genoem het.

Daar is aan die deelnemers gevra waarom hulle meen dat volwassenes wat bewus is van die seksuele misbruik van kinders, dit nie aanmeld nie. Die deelnemers was baie onseker maar het wel genoem dat die volwassenes bang is hul reputasie lei daaronder. Een deelnemer se opmerking was: “Hulle is bang dat ander sleg gaan dink van hulle.” Verder is daar genoem dat hulle bang is dat hulle in die moeilikheid sal beland. Die deelnemers was egter nie seker van die aard van hierdie moeilikheid nie. Een deelnemer het ook genoem dat volwassenes nie wil inmeng nie en nie betrokke wil raak nie.

Hieruit wil dit voorkom of die deelnemers bewus is van die struikelblokke in die weg van aanmelding van seksuele misbruik.

Volgens Massat en Lundy (1998:372) dra drie faktore by tot ‘n kind se bekendmaking van seksuele misbruik.

- Die beweerde oortreder se beplanning rakende seksuele misbruik.
- Die wyse waarop die beweerde oortreder die verhouding/band tussen die kind en sy ouer/s verbreek om sodoende toegang tot die kind te kan verkry.
- Die wyse waarop die beweerde oortreder die kind voor die misbruik behandel, asook die wyse waarop hy/sy die kind benader.

Alhoewel die deelnemers ‘n goeie idee het van waarom seksuele misbruik nie aangemeld word nie, is hulle slegs bewus van die meer algemene en opsigtelike redes daarvoor. Die faktore soos hierbo deur Massat en Lundy aangedui, is minder opsigtelik. Hierdie faktore maak deel uit van die oortreder se ‘grooming’-proses en mense is nie altyd bewus daarvan nie.

Tema 5: Hulp om aanmelding te bevorder

Dit was vir die navorser belangrik om te weet wat die deelnemers meen gedoen moet word om mense te oortuig om seksuele misbruik aan te meld.

Uit die groepsbesprekings het die volgende ten opsigte hiervan na vore gekom:

Praat: Die meerderheid deelnemers het gemeen dat, indien 'n mens met die persoon wat seksueel misbruik is, praat, sy/hy dalk oortuig kan word om dit aan te meld. Die volgende opmerkings is deur die deelnemers gemaak: “As jy met iemand praat en vir hulle sê dat niks gaan gebeur nie en dat als gaan reg wees.” en “Dit is belangrik om daaroor te praat want so kan jy iemand anders help.”

Voordele verbonde aan onthulling: Hulle het ook genoem dat, wanneer 'n persoon bewus is van die voordele wat verbonde is aan onthulling, hulle dalk gewilliger sal wees om seksuele misbruik aan te meld. Daar is genoem dat “as 'n persoon weet dat die misbruik sal stop, sal hulle dit aanmeld”. “Mense sal seksuele misbruik aanmeld as hulle weet dat hulle nie sleggesê sal word nie en as hulle weet daar sal iets aan gedoen word,” was die mening van nog 'n deelnemer.

Aanmoediging: Die deelnemers het daarop gewys dat, deur 'n persoon te oortuig om seksuele misbruik aan te meld, sal dit ook bydra tot 'n hoër aanmeldingsyfer: “Persone moet aangemoedig word om uit te kom daarmee.”

Groepe: Van die deelnemers het opgemerk dat daar groepe by skole of kerke gehou moet word waar mense hulp sowel as inligting kan bekom rakende die aanmelding van seksuele misbruik. Hierdie groepe kan daartoe bydra dat dit meermale aangemeld word. Een deelnemer het die volgende genoem: “As 'n mens dit meer oop en bloot maak en met mense daaroor praat deur 'n ‘society’ of ‘club’ te stig vir mense wat seksueel misbruik is, sal dit help dat mense dit meer aanmeld.” Die deelnemers het genoem dat 'n omgee-groep daartoe sal bydra dat mense seksuele misbruik meermale sal aanmeld, aangesien hierdie groepe mense sal motiveer en dan kan hulle ook op hulle beurt met ander praat wat alreeds so iets moes aangemeld het.

Een deelnemer het voorgestel dat 'n leesstuk aan 'n groep voorgelees moet word wat inligting bevat oor die aanmelding van seksuele misbruik – inligting wat handel oor wat seksuele misbruik behels, waar en by wie dit aangemeld kan word en die voordele daaraan verbonde om dit aan te meld. Sodoende kan die slagoffers al die nodige inligting ontvang sonder dat enigeen in die groep weet wie van hulle slagoffers is.

Anoniem: Ander opmerkings van die deelnemers was dat mense seksuele misbruik meermale sal aanmeld indien hulle anoniem kan bly sodat hulle nie skaam hoef te voel daaroor nie. Een deelnemer het die volgende genoem: “Dit sal help as jy anoniem kan bly en as daar 'n beloning is wanneer jy dit aanmeld.” Nog 'n deelnemer het genoem dat die persoon aan wie die onthulling gemaak word, die misbruik moet gaan aanmeld maar 'n leuen moet vertel. Die deelnemer het voorgestel dat die persoon aan wie die onthulling gemaak word, die polisie moet inlig dat hy/sy 'n ooggetuie van die gebeure was, en nie dat die slagoffer dit aan hom/haar oorvertel het nie. Die motivering hiervoor was dat slagoffers seksuele misbruik meermale sal onthul as die oortreder die slagoffer nie daarvan sal kan verdink dat hy/sy uitgepraat het nie.

Skryf: Een deelnemer het gemeen dat dit nie noodwendig nodig is om met iemand daaroor te praat nie, maar dat 'n mens ander tegnieke kan toepas om jou gevoelens en ervaring eers te verwerk en dan later die moed bymekaar te skraap om dit aan te meld. Haar oplossing was:: “Dit sal help as iemand in 'n dagboek daaroor skryf sodat hulle beter kan voel.”

Die deelnemers het 'n goeie idee van wat gedoen kan word om die aanmeldingsyfer van seksuele misbruik te verhoog, alhoewel nie al die voorstelle noodwendig reg en uitvoerbaar is nie.

Forrester (2002:203) noem dat adolessente baie sensitief is vir die reaksie van die persoon aan wie die misbruik bekendgemaak word. Indien sodanige persoon op professionele wyse optree tydens so 'n onthulling kan dit daartoe lei dat dergelike sake meermale aangemeld word.

Tema 6: Optrede indien hulle bewus is van seksuele misbruik

Die navorser wou bepaal wat die deelnemers sou doen as hulle van iemand wat seksueel misbruik is/word, bewus sou wees.

Praat: Die meerderheid deelnemers het gemeen dat hulle om verskeie redes met die slagoffers sal gaan praat. Hulle sal toestemming wil ontvang om die saak te gaan aanmeld of hulle sal met die persoon gaan praat om te probeer vasstel hoe hulle hom/haar kan help. Die volgende sake is geopper:

- “What I will do is to have a chat with that person and ask him about his life and tell him about sexual abuse and to try and help him.”
- “I would talk to them about it and ask if I can go and get them help and if they say no, I will talk to them and be supportive towards them.”

Die deelnemers het genoem dat, indien hulle van iemand weet wat seksueel misbruik is/word, hulle heel eerste met hul eie ouers daaroor sal gaan praat nadat hulle met die slagoffer self gepraat het. Een deelnemer het genoem: “As my ouers my nie kan help nie, sal ek met die koshuishoof gaan praat, want hy sal weet wat om te doen.”

Aanmoediging: Verder het ‘n groot aantal deelnemers genoem dat hulle die slagoffer sal aanmoedig om die saak self te gaan aanmeld, of om ten minste met sy/haar ouers te gaan praat. Hulle sal ook die persoon aanmoedig om hulp te gaan kry en om so gou as moontlik weg te kom van die oortreder, veral as hulle in dieselfde huis woon. Een deelnemer het die volgende genoem: “Ek sal hom/haar aanmoedig om dit te gaan aanmeld of ek sal dit dan self doen.”

Aanmelding: Die deelnemers het genoem dat indien die slagoffer dit nie self wil gaan aanmeld nie, hulle dit namens hom/haar sal doen. Hulle sal met hul eie ouers of die slagoffer se ouers gaan praat – “Ek sal hom/haar probeer oorreed om dit self aan te meld, anders sal ek dit self doen en vir my ma of pa sê dat dit met daardie persoon gebeur het en dat ek nie weet wat omtrent dit te doen nie.”

Ondersteuning: Verder het die deelnemers genoem dat ondersteuning baie belangrik is en dat hulle vir die persoon sal bid. Daar was ‘n deelnemer wat genoem

het dat sy dadelik die persoon sal gaan haal om by haar in te woon sodat sy die moontlikheid van verdere misbruik kan ontduik.

Uit genoemde resultate blyk dit dat die deelnemers 'n vae idee het van wat om te doen wanneer hulle van iemand weet wat seksueel misbruik is/word. Hul idees was egter nie altyd prakties of wetmatig nie. In die Wysigingswet op die strafreg (SA, 2007:68) staan die volgende: "A person who has knowledge that a sexual offence has been committed against a child must report such knowledge immediately to a police official". Dit wil voorkom of die deelnemers nie regtig bewus is van die feit dat mense wetlik verplig is om seksuele misbruik aan te meld nie.

9 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie studie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

Net meer as die helfte van die deelnemers het gemeen dat seksuele misbruik onder dwang plaasvind. 'n Klein aantal het gemeen dit is verkeerd, alhoewel hulle dit beskou het as teen die voorskrifte van die Bybel en nie teen die wet nie. Hieruit kan die gevolgtrekking gemaak word dat die deelnemers nie 'n duidelike begrip het van wat seksuele misbruik is nie, asook nie van die verskillende tipes seksuele misbruik wat voorkom nie. Alhoewel hulle daarvan bewus was dat seksuele misbruik seksuele dade insluit, het hulle nie geweet dat daar ook ander vorme van seksuele misbruik is nie.

Die deelnemers was dit met mekaar eens dat seksuele misbruik aangemeld moet word, alhoewel daar onduidelikheid was oor die feit of dit alleenlik aangemeld moet word as beide partye daartoe instem, asook waarom dit aangemeld moet word.

Volgens hierdie studie is die aangewese persone by wie seksuele misbruik aangemeld kan word, die polisie of die betrokke persone se ouers. Die deelnemers het gemeen dat die persoon aan wie die onthulling gemaak word, iemand moet wees wat 'n mens kan vertrou. Etlike deelnemers het gemeen dat hulle na hul koshuisouers sal gaan om die misdaad aan te meld.

Volgens die respondente se menings is die belangrikste rede waarom mense seksuele misbruik nie aanmeld nie, dat die persone bang is – bang vir die negatiewe gevolge wat uit die onthulling kan voortspruit, asook bang om betrokke te raak.

Dreigemente en skaamte is ook redes waarom seksuele misbruik nie aangemeld word nie.

Die deelnemers was baie onseker oor wat gedoen kan word om die aanmeldingsyfer te verhoog. Hulle het wel gemeen dat, indien meer mense daaroor praat en bewus is van die voordele wat daarin opgesluit lê om so 'n oortreding aan te meld, dit mense sal motiveer om seksuele misbruik meermale aan te meld.

Die deelnemers het aangedui dat indien hulle bewus is van iemand wat seksueel misbruik is/word, hulle die persoon sal probeer ompraat om dit aan te meld, of hulle sal dit self aanmeld. Hulle was oortuig daarvan dat dit aangemeld moet word. Die deelnemers het egter nie prakties uitvoerbare voorstelle aan die hand gedoen met betrekking tot hoe hulle dit sou doen nie.

Die resultate dui daarop dat die deelnemers wel deeglik besef dat seksuele misbruik 'n slagoffer baie skade kan berokken en dat hy/sy dan ook hulp moet ontvang.

10 AANBEVELINGS VIR RIGLYNE

Die doel van hierdie studie was om vas te stel oor watter mate van kennis rakende seksuele misbruik hoërskoolleerders in koshuise beskik en dan aanbevelings op grond daarvan saam te stel wat as riglyne kan dien vir die aanmelding van seksuele misbruik.

10.1 Aanbevelings vir riglyne ten opsigte van leerders

Die navorser beveel aan dat die volgende riglyne in ag geneem moet word wanneer leerders ingelig word oor seksuele misbruik.

- Wanneer inligting aan leerders verstrekkend word, is dit belangrik dat dit op hulle ontwikkelingsvlak weergegee moet word. Dit moet interessant gedoen word, anders verloor die leerders belangstelling.
- Leerders moet bewus gemaak word van die belangrikheid van die aanmelding van seksuele misbruik, aangesien dit 'n misdaad is en dit getaak moet word.
- Leerders is baie bekommerd oor negatiewe gevolge wat moontlik uit aanmelding kan voortspruit; daarom is dit belangrik dat hulle gerusgestel moet word.
- Al die verskillende soorte seksuele misbruik moet aan die leerders verduidelik word.

- 'n Stelsel moet geskep word wat die stappe aandui wat leerders moet volg om seksuele misbruik aan te meld, die persone aandui by wie en die instansie waar dit aangemeld kan word en waar die betrokke persone ondersteuning kan ontvang.
- Genoemde stelsel moet dan aan leerders verduidelik en beskikbaar gestel word.
- Dit is belangrik dat leerders moet weet waar en by wie om hulp te bekom.
- Die navorser meen dat leerders meer leer wanneer hulle aktief betrokke is by 'n onderwerp. Inligting moet dus nie op 'n onpersoonlike wyse, byvoorbeeld deur 'n lesing, aan hulle oorgedra word nie; hulle moet eerder betrokke raak deur self die inligting in te win en dit aan hulle maats oor te dra deur van visuele materiaal gebruik te maak.

10.2 Aanbevelings vir riglyne ten opsigte van skole

- Skole moet aan hul personeel (onderwysers sowel as koshuisouers) opleidingsgeleenthede rakende die metode waarvolgens die aanmelding van seksuele misbruik hanteer moet word, beskikbaar stel.
- Ingeligte persone moet tot personeel se beskikking wees by wie hulle raad en hulp kan ontvang indien hulle nie weet hoe om so 'n saak te hanteer nie.
- Inligting rakende seksuele misbruik moet tot personeel se beskikking gestel word sodat hulle ingelig kan bly.
- Berading- en ontlastingssessies moet vir personeel beskikbaar wees waar hulle hulp kan ontvang en ondersteun kan word indien 'n saak hulle emosioneel raak.

10.3 Aanbevelings vir riglyne ten opsigte van professionele persone

In hierdie afdeling word verwys na professionele persone in die geesteswetenskappe.

- Professionele persone is daarvoor verantwoordelik om ingelig te bly ten opsigte van die aanmelding van seksuele misbruik.
- Persone wat by instansies werk, moet die geleentheid gegun word om opleiding te ontvang rakende die hantering van die aanmelding van seksuele misbruik.
- Elke persoon moet ook opleiding ondergaan om te leer hoe om met kinders te werk.
- Daar moet meer van forensiese werkers gebruik gemaak word.

10.4 Aanbevelings vir riglyne ten opsigte van die ouers

- Aangesien ouers besonder emosioneel kan raak wanneer hul kind aan seksuele misbruik blootgestel is, moet daar plekke beskikbaar wees waar hulle hulp kan ontvang.
- Ouers moet ook opleiding ontvang oor hoe om seksuelemisbruik-onthullings te hanteer.
- Inligting moet aan ouers beskikbaar gestel word ten opsigte van waar en by wie om aan te klop vir hulp en waar om 'n seksuelemisbruik-saak aan te meld.

11 VERDERE NAVORSING

Die navorser beveel aan dat verdere navorsing oor die volgende aspekte gedoen moet word:

- Is daar beskikbare opleiding vir professionele en nie-professionele persone om seksuelemisbruik-aanmeldings te hanteer?
- Weet volwassenes hoe om 'n seksuelemisbruik-aanmelding te hanteer?
- Is daar genoeg forensiese werkers in die gemeenskappe beskikbaar?
- Hierdie studie moet met 'n groter populasie herhaal word.

12 BIBLIOGRAFIE

ALAGGAI, R. 2004. Many ways of telling: expanding conceptualizations of child sexual abuse disclosure. *Child abuse & Neglect*, 28(11):1213-1227.

ALIKASIFOGLU, M., ERGINOZ, E., ERCAN, O., ALBAYRAK-KAYMAK, D., UYSAL, O. & ILTER, O. 2006. Sexual abuse among female high school students in Istanbul, Turkey. *Child Abuse & Neglect*, 30(3):247-255, March.

CRISMA, M., BASCELLI, E., PACI, D. & ROMITO, P. 2004. Addescents who experienced sexual abuse: fears, needs kind impediments to disclose. *Child Abuse & Neglect*, 28(10):1035-1048.

FALLER, K.C. 2007. Interviewing children about sexual abuse. Controversies and best practice. New York: Oxford University Press.

FORRESTER, A.M. 2002. The telling of the telling: a narrative exploration of adolescent girl's process of disclosure of sexual abuse. United States. ProQuest Information and Learning Company (Thesis-DPhil.)

FOUCHE, C.B. & DELPORT, D.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L., eds. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p71-85.)

FOUCHE, C.B. & DE VOS, A.S. 2005. Quantitative research designs. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. eds. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p132-143.)

GREEFF, M. 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L. eds. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p286-313.)

GROBLER, R. 2010. Pols: Die donker geheim. *Beeld*: 4, 22 November.

HERSHKOWITZ, I., LANES, O. & LAMB, M.E. 2007. Exploring the disclosure of child sexual abuse with alleged victims and their parents. *Child abuse & Neglect*, 31(2):111-123, February.

LAMB, M.E., HERSHKOWITZ, I., ORBACH, Y. & ESPLIN, P.W. 2010. Tell me what happened. Structured investigative interviews of child victims and witnesses. West Sussex: Wiley-Blackwell.

LOUW, N. 2000. Child sexual abuse: An educational perspective on it's prevention, intervention in cases, and care and support of victims. *CARSA*, 1(2):24-30, October.

LOUW, D.A., VAN EDE, D.M. & LOUW, A.E. 1998. Menslike ontwikkeling. 3de uitg. Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

MASH, E.J. & WOLFE, D.A. 2002. Abnormal child psychology. 2nd ed. Belmont: Wadsworth Thomson learning.

MASSAT, C.R. & LUNDY, M. 1998. Reporting costs to non-offending parents in cases of intrafamilial child sexual abuse. *Child welfare league of America*, LXXVII(4):371-388, July/August.

McCOURT, J. & PEEL, J.C.F. 1998. The effects of child sexual abuse on the protecting parent(s): Identifying a counselling response for secondary victims. *Counselling Psychology Quarterly*, 11(3):283, September.

MEEL, B.L. 2008. Trends of rape in the Mthatha area, Eastern Cape, South Africa. *SA Fam Practice*, 50(1):70.

NEUMAN, W.L. 2000. Social Research Methods. Qualitative and Quantitative approaches. 4th ed. Boston: Allyn and Bacon.

NEUMAN, W.L. 2003. Social Research Methods. Qualitative and Quantitative approaches. 5th ed. Boston: Allyn and Bacon.

THE NEW PENGUIN COMPACT ENGLISH DICTIONARY. 2001. London: Penguin Books.

PATTERSON, M.A. & AUSTIN, D.F. 2008. Stop the grooming. *American school board journal*, 195(12):18-20, December.

POGGENPOEL, M. 1998. Data analysis in qualitative research. (In De Vos, A.S. ed. Research at grass roots. A primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. p334-353.)

PRIEBE, G. & SVEDIN, C.G. 2008. Child sexual abuse is largely hidden from the adult society. An epidemiological study of adolescents' disclosures. *Child abuse & Neglect*, 32(12):1095-108, December.

RAUBENHEIMER, C. 2007. Wat owerhede alles vir die slagoffers doen. Wie luister na kinders? *Beeld*: 3, 15 Mei.

ROESTOFF, A. 2010. Onnie in hof oor hy 'betas'. *Beeld*: 5, 21 Oktober.

ROYSE, D. 2004. Research methods in social work. 4th ed. Canada: Thomson learning.

SAFFY, J. 2003. Child sexual abuse as a precursor to prostitution. *Social Work/Maatskaplike Werk*, 39(2):132-137, June.

SOUTH AFRICA. 2005. Children's Act of 2005. Pretoria.

SOUTH AFRICA. 2007. Wysigingswet op die strafreg (Seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede). No 32.

SOUTH AFRICA. 1989. Convention on the Rights of the Child. Pretoria: Government Printer.

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, D.S.L., eds. Research at grass roots. For the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p56-70.)

SUID AFRIKA. 2002. Parlementêre Taakgroep rakende Seksuele Misbruik van Kinders. Maart. Pretoria: Staatsdrukker.

TSHEPO, T. & MOLDAN, S. 2005. Educators' experience of managing sexually abused learners: Implications for educational support structures. *The Indo-Pacific journal of Phenomenology*, 5(1):1-10, April.

VAN DER SCHYFF. 2009. Aanmeldingsriglyne vir adolessente wat aan seksuele misbruik blootgestel word. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Potchefstroomkampus) (Skripsie – MA(MW)(Forensies)) 84p.

VAN ROOYEN, F. 2010. 10j vir oudhoof wat met meisies lol. *Beeld*: 3, 12 November.

BYLAES

BYLAAG 1: Toestemming van ouers vir deelname aan navorsing

Beste ouer/voog

Ek is tans 'n student aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom (studentenr: 12078980), besig met my Meestersgraad in Forensiese Praktyk. Om my graad suksesvol te kan voltooi moet ek navorsing onderneem. Ek is tans in 'n privaatpraktyk waar ek 4 jaar lank reeds terapeuties met kinders werk.

My navorsing fokus op die hoërskoolleerders in koshuise se aanmelding van seksuele misbruik. Die doel van die navorsing is om hoërskoolleerders in koshuise te bemagtig om seksuele misbruik te kan aanmeld.

Seksuele misbruik is 'n groot probleem in ons land en talle gevalle word nie aangemeld nie.

Ek gaan gebruik maak van gr 8-leerders en wil hiermee u toestemming vra dat u kind aan my navorsing mag deelneem.

U kind se identiteit sal beskerm word en nie bekendgemaak word nie en u kind se emosionele welstand sal prioriteitaandag geniet. Die navorsing sal gedoen word deur gebruik te maak van fokusgroepe. U kind sal gevra word om met een geleentheid die fokusgroep by te woon waar verskillende vrae bespreek gaan word.

Indien u toestemming sou gee dat u kind aan die navorsing mag deelneem, versoek ek u vriendelik om die aangehegde strokie in te vul en aan die skool terug te stuur.

U samewerking word opreg waardeur.

Helena Malan

Hiermee gee ek ouer/voog van
..... toestemming dat hy/sy aan die
navorsing van Helena Malan mag deelneem.

.....

Handtekening

.....

Datum

BYLAAG 2: Instemming van leerders tot deelname aan navorsing

Beste leerder

Ek is tans 'n student aan die Noordwes-Universiteit in Potchefstroom (studentenr: 12078980), besig met my Meestersgraad in Forensiese Praktyk. Om my graad suksesvol te kan voltooi moet ek navorsing onderneem.

My navorsing fokus op hoërskoolleerders se aanmelding van seksuele misbruik. Die doel van die navorsing is om hoërskoolleerders in koshuise te bemagtig om seksuele misbruik te kan aanmeld.

Seksuele misbruik is 'n groot probleem in ons land en talle gevalle word nie aangemeld nie.

Ek gaan gebruik maak van gr 8-leerders en wil hiermee u instemming vra tot deelname aan my navorsing.

U identiteit sal beskerm word en nie bekend gemaak word nie, en u emosionele welstand sal prioriteitaandag geniet. Die navorsing sal gedoen word deur gebruik te maak van fokusgroepe. U sal versoek word om met een geleentheid die fokusgroep by te woon waar verskillende vrae bespreek gaan word.

Indien u sou instem totdeelneem aan die navorsing, versoek ek u vriendelik om die aangehegde strokie in te vul en aan die skool terug te stuur.

U samewerking word opreg waardeer.

Helena Malan

Hiermee stem ek in tot vrywillige
deelname aan Helena Malan se navorsing.

.....

Handtekening

.....

Datum

BYLAAG 3: Vertroulikheidsooreenkoms

VERTROULIKHEIDSOOREENKOMS

Hiermee belowe ek

dat ek alles wat in hierdie fokusgroep bespreek word, as vertroulik sal hanteer. Ek sal geen identifiserende inligting van enige persoon wat by hierdie groep betrokke is, bekendmaak nie.

.....
Handtekening

.....
Datum

BYLAAG 4: Vraelys

VUL ASSEBLIEF DIE VOLGENDE SO EERLIK AS MOONTLIK IN.

1. Wat word bedoel met 'seksuele misbruik'?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

2. Meen jy dat seksuele misbruik aangemeld moet word. Motiveer jou antwoord?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

3. By wie sal jy seksuele misbruik aanmeld? Motiveer jou antwoord.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

4. Wat, volgens jou mening, verhoed mense om seksuele misbruik aan te meld?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

5. Wat dink jy sal help dat mense seksuele misbruik meermale aanmeld?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

6. Wat sal jy doen as jy van iemand weet wat seksueel misbruik is/word?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

7. Is daar enige verdere opmerkings wat jy oor hierdie onderwerp wil maak?

.....

.....

.....

.....

BYLAAG 5: Bewys van vertaling



5 Februarie 2011

Hiermee verklaar ek, **me Cecilia van der Walt**, dat ek die taalversorging van die skripsie van **me Helena Malan**, getitel ***DIE BEMAGTIGING VAN HOËRSKOLLEERDERS IN KOSHUISE OM SEKSUELE MISBRUIK AAN TE MELD***, behartig het.

ME CECILIA VAN DER WALT

HOD, BA
Plus Taalversorging en vertaling op Hons-vlak,
Plus Akkreditering by SAVI vir Afrikaans
Registrasienommer by SAVI: 1000228

Epos-adres: ceciliavdw@lantic.net

Selnommer: 072-616 4943 (S)
Faksnommer: 086 578 1425